

https://dspace.org/

Aksentverskuiwings en onderwys: Waar staan Afrikaans? [The educational implications of Afrikaans as a minor language, yet the politically dominant language of South Africa

Malan, Lucas

1987-03
Johannesburg College of Education
http://hdl.handle.net/10539/15727
Malan, L. (1987, March). Aksentverskuiwings en onderwys: Waar staan Afrikaans? [The educational implications of Afrikaans as a minor language, yet the politically dominant language of South Africa]. Lengwitch: The Journal for Language Across the Curriculum, pp. 24-35.

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

Lucas Malan

AKSENTVERSKUIWINGS EN ONDERWYS: WAAR STAAN AFRIKAANS?

1. Die omvangrykste en mees gesaghebbende publikasie oor die historiese, opvoedkundige, sosio-politieke en ekonomiese aspekte wat Afrikaans as taal karakteriseer, bly steeds J.C. Steyn se indrukwekkende Tuiste in eie taal van 1980. (Dié belangrike werk het opvallend genoeg, net soos die De Lange-verslag oor die onderwys in Suid-Afrika, kort ná publikasie stil-stil vergete geraak.) Met 'n breë opset as onderbou, word Steyn se navorsing toegespits op die problematiek rondom "kleiner tale", hul stryd om erkenning en die wye spektrum van sake wat hul ontstaan, bestaansreg, invloed en voortbestaan kenmerk.Die fokus bly egter steeds op Afrikaans en die faktore wat 'n rol sal speel in die behoud daarvan as kultuurtaal binne 'n klimaat wat nie altyd so gunstig voorkom nie.

   Steyn beroep hom op 'n uitgebreide skaal op voorbeelde uit en parallelle met ander

tale en tydvakke, waardeur sy studie 'n besonder ewewigtige karakter verkry. Vir die leser wat minder optimisties oor die ingewikkelde sosiale konteks van Afrikaans voel, is die sluimerende ironieë in sy betoog egter deurgaans opvallend. Wanneer Steyn bv. argumenteer oor die invloede wat 'n taal laat kwyn, sê hy die volgende:

"Onderwys

'n Algemene manier om 'n taal te verdruk, is om dit as onderwysmedium vir sy eie sprekers te verbied. Dis eintlik toekomsgerigte verdrukking. Die kinders van die benadeelde taal ken die amptelike onderwystaal baiekeer so sleg dat hulle geen baat by die onderwys vind nie, swak presteer en dit later moeilik vind om goeie betrekkings te kry." (Steyn: p.34)

In die konteks van sy argument gaan dit vir Steyn hier wesentlik om die agterstelling (Engels: disadvantage) van "kleiner tale" soos Afrikaans in 'n vroeër historiese verband; maar eietyds lewer dié woorde betekenisvol kommentaar op die situasie van sprekers van die Afrika-tale in Suid-Afrika, wat slegs om politieke redes

as "kleiner tale" beskou kan word. Afrika-tale word nie as onderwysmedium verbied nie, maar deur soveel (hoofsaaklik politieke) redes "agtergestel" dat onderwys deur daardie medium nog grootliks nadelig verloop.

Ek is volkome bewus daarvan dat kultuur-historiese feite en verskille 'n rol gespeel het in hierdie proses van agterstelling, maar dan vind ek dit ook begryplik dat die nie-Westerse taalgroepe in opstand sal kom teen 'n volgehoue neiging "dat mense hul taal vereenselwig met agterlikheid, ongeletterdheid, armoede (...)", soos Steyn dit stel wanneer hy uitwei oor aspekte soos taalhouding en status (Steyn, 1980: 18). As die "taalstryd" vir die Afrikaanssprekende algaande in méér as net 'n taal-stryd ontwikkel het, het die tans heersende Afrikaanssprekende tog skaars die reg om van andertaliges se aspirasies o.m. op onderwysgebied te praat as "'n alternatiewe stelsel wat kwansuis meer gevoelig vir werklike gemeenskapsbehoeftes en -belange is (...)", soos J.C. Fick en C. de Coning wel doen in hul artikel oor alternatiewe strukture in die RAU se meningsblad, Aambeeld, 1986 (ek kursiveer). Die skrywers van dié artikel se vakkundigheid lê op 'n ander

gebied as die taalwetenskappe, en ek aanvaar hul feite en redenasies in terme dáárvan, maar ek het my bedenkinge oor 'n diskoers wat hom beroep op woordes soos "kwansuis" en die voorstelling van 'n ingewikkelde en erstige saak as 'n Robin Hood-fantasie.

2. Die Minister van Onderwys en Opleiding, dr. Gerrit Viljoen, het ter inleiding van 'n besprekingsprogram oor die televisie, beklemtoon dat "alternatiewe onderwys" vir verskillende mense verskillende dinge beteken. Die reeds vermelde meningsblad, Aambeeld, wy die volledige uitgawe van September 1986 aan hierdie en verwante sake soos "grys" of multikulturele skole. Indien die skrywers Fick en De Coning in hul artikel gelyk het dat "(A)lternatiewe sisteme verwys na instellings en prosesse wat naas die amptelike owerheid as instrumente vir die bevordering van rewolusionêre strategie funksioneer", en indien voorstelle vir alternatiewe leerplanne suiwer "op 'n Marxistiese lees geskoei is" en sig op onrealistiese wyse toespits op 'n naïewe bevrydingsgedagte, val 'n bespreking daarvan buite my vermoë en belangstellingsveld.

As die strewe na 'n ander benadering tot

die onderwys vir andertaliges egter genuanseerd binne die demokratiese regte van belangegroepe opereer, en 'n behoefte verteenwoordig om meer as net grafiese geletterdheid te bereik, is daar enkele gedagtes wat die aandag verdien.

3. In Steyn se hoofstuk wat handel oor die stryd van klein tale om te oorleef, bespreek hy onder 'n sub-hoof sosio-politieke sake wat as satelliete van die taalstryd daarop inwerk en die "eintlike" taalstryd ontmasker. Oor die verhouding tussen 'n taal en die nasionale strewe, skryf hy die volgende:

> "Nasionale leiers het veral in die negentiende eeu die band tussen taal en volk beklemtoon, of tussen taal en 'die volksiel'. 'Sonder sy taal', het J.G. Herder geskryf, 'is 'n volk 'n onding, 'n contractio in terminis" so voel baie nasionaliste, tot in ons eie tyd." (Steyn: p.81).

Waar daar in 'n taalstryd dus duidelik ook "verskuilde" sentimente werksaam is, moet ons aanvaar dat dieselfde beginsels in 'n onderwysargument sal geld. In dié verband

merk I.D. de Vries in sy artikel oor "Alternatiewe onderwys" in die reeds vermelde uitgawe van Aambeeld die volgende op: "Dit word egter aanvaar dat énige onderrigprogram 'n verskuilde kurrikulum het." (1986: p.25).

In die Suid-Afrikaanse debat kom hierdie verskuilde motiewe volgens De Vries se artikel neer op 'n verskuiwing van 'n kapitalistiese orde na 'n sosialistiese, wat as 'n bevrydingsbewegings vertolk word.

4. Omdat taal so intrinsiek deel is van onderrig en opleiding, is dit baie moeilik om taalonderrig van ander dissiplines en hul inwerking op die taalprogram te skei. As 'n mens verder aanvaar dat die strewe na alternatiewe onderwysstrategieë benewens die bloot grafiese ook 'n adekwate sosiale, politieke en ekonomiese geletterdheid insluit, word die saak heel kompleks. As 'n mens egter óók daarvan bewus bly dat die voertale vir onderwys in Suid-Afrika hoofsaaklik Westerse tale is, is dit nie meer so moeilik om te begryp waarom andertaliges in ons gemeenskap na verandering aspireer nie. Taal verteenwoordig tog méér as net linguistieke inhoude.

In dié verband skryf Steyn die volgende:

"Heinz Kloss sê dat 'n mens in 'n kultuurtaal oor al die belangrike vraagstukke van die Westerse kultuur, natuurwetenskap en tegnologie moet kan skryf. 'n Veelsydige gebruiksprosa is byna belangriker as subtiele liriek en grootse eposse." (Steyn: p. 85).

Taal moet dus ook as instrument vir sosiale welvaart en welsyn aangewend kan word, en indien die onderwys deur opponerende strukture breë beperkinge aan 'n taalgroep oplê, is dit logies dat sulke strukture tot verset sal lei. As ons met hierdie agtergrond kyk na Afrikaans en die rol wat dit as amptelike taal speel in die onderwysprogram van andertaliges, val 'n hele paar "rampgebiede" 'n mens op.

5. Die hoogs nodige publikasie van Jan Esterhuyse se Taalapartheid en skoolafrikaans in 1986, vestig die aandag by herhaling en deurgaans skerp op die arrogante mites wat die Afrikaanssprekende in sy hegemoniese misbruik van Afrikaans in onderwysverband vir die taal en sy politieke strukture geskep

het. Dit is nie moontlik en ook nie nodig nie dat in besonderhede op hierdie onthullende studie ingegaan word. Ek sal volstaan met die mening dat hierdie boek - met sy gebreke - verpligte leesstof vir alle werknemers behoort te wees wat hul salarisse met of deur medium van Afrikaans verdien.

Vir die argument ten gunste van 'n alternatiewe onderwysbenadering wat Afrikaans vir nie-Westerse taalgroepe betref, sal ek net enkele grepe uit Esterhuyse se studie aanhaal en daarop uitbrei.

a. Normatiewe voorbehoude

Die isolasie van 'n blanke taalgroepie op grond van 'n nogal arbitrêre opvatting dat die term Algemeen-beskaaf in die algemene taalgebruik nog geldig is, het vir Afrikaans funeste implikasies. Esterhuyse haal die taalkundige Anna E. Coetzee in dié verband aan wat bevind "dat die konsep Algemeen-beskaaf kwetsend en onjuis is." (1986:4). Hoe gouer die sogenaamde "Kaapse variant" van Afrikaans vir onderwys en ander hoër funksies aanvaar word, hoe groter sal die

kanse wees vir die taal se groei in 'n tydperk dat die taal se amptelike status reeds nie meer as vanselfsprekend gewaarborg blyk te wees nie. Die artikel "Bevryde Afrikaans" van die akademikus dr. Vernie February in Standpunte 1983 van 1986 lewer genoegsame bewys dat dié variant, met sy idiolektiese aksente inkluis, volkome tot hoër funksies in staat is.

b. Politieke voorbehoude

Esterhuyse stel hom in hoofstuk 5 van sy ondersoek ten doel om aan te toon hoe ideologiese (of mitiese) konsepte Afrikaans op 'n paar suiwer taalkundige gebiede, soos die leksikologiese en semantiese, gedwing het om "kognitiewe gestalte te gee" aan die illusies wat die (blanke) taalgebruikers omtrent hul sosio-politieke omgewing gekoester het. Die pejoratiewe velde rondom die woord Kleurling teenoor verheerlikende konnotasies rondom boer/Boer spreek boekdele. Hoe gouer die benaminge vir verskillende taalgroepe op grond van hul taal, en nie op grond van hul kleur of geloof nie, die riglyn word vir noodsaaklike / funksionele

onderskeiding, hoe beter sal dit met die samelewing gaan. Kinders is alleen bewus van die semantiese verskil tussen meisie en meid as hulle deur volwassenes daarvan bewus gemaak word. Daar is 'n lang lys items wat uit die leksikon moet verdwyn.

c. Literêre voorskrif.

Die growwe manipulasie van ideologiese voorkeure wat op hierdie terrein in die onderwys ten opsigte van andertaliges gebeur het, en nog steeds gebeur, kan na my mening nog die hoofsin op die grafsteen van Afrikaans word. Esterhuyse verwys in dié verband na 'n studie van R.Z.J. Bornman en bevind:

> "Die eise wat aan die literêre kunswerk gestel word, (...) plaas dus bepaalde etiese en sosio-politieke kriteria eerste, terwyl die estetiese eise 'n ondergeskikte plek beklee. (...) Binne 'n Afrikanerkonteks geld die opperste eis dat slegs die positiewe van die Afrikanerverlede uitgebeeld word'
>
> (Esterhuyse: 1986:46)

Die onbegrip vir ander taal- en kultuurgroepe

se persepsies en sosiale waardes spreek by herhaling uit die lyste voorgeskrewe werke wat oor soveel jare vir die nie-Westerse taalgroepe voorgeskryf is en word. Alhoewel dit aan die afneem is, word daar nog steeds "natuurgedigte" vir hierdie leerlinge voorgeskryf, met die klaarblyklik (verskuilde?) opvatting dat swart leerlinge 'n plattelandse oriëntasie het. Op die oomblik is die jeugroman Ciske van die Nederlandse outeur Piet Bakker in Afrikaanse vertaling vir Senior Sertifikaat-leerlinge voorgeskryf. Gragte en Soweto? Waar lê die parallel? Waarskynlik in die ideologies bruikbare gegewe dat die probleemkind Ciske weens sy verwerping van die skooldissipline deur 'n onderwyser "reggeruk" word. Die moontlikhede is onbeperk. Intussen beskik ons oor tekste soos As die maan oor die lug loop, Sotho-verhale deur Minnie Postma in Afrikaans oorvertel. Die uiters skraal oes aan dié soort tekste in Afrikaans kan gerus die FAK se aandag geniet, eerder as die groot "vraagstuk" of dié liggaam vir ander kleuriges "oop" moet wees.

Die voorafgaande kommentaar het betrekking

op net 'n paar aspekte van die oproep om veranderde denke in die onderwys van andertaliges. 'n Onderwysprogram wat inlig en opvoed, sal die belange van die leerling dien, en nie dié van die leermeester nie. So 'n program sal in taalonderrig voorsiening maak vir blootstelling aan tekste/materiaal wat die leerling vir sy hele wêreld as waardevolle en waardige mens sal toerus - nie net om hom tydelik uit die pad te kry nie. Dit sal nie net tot blote navolging van wat ander vir hom besluit het nie. As 'n onderwysprogram hierdie basiese beginsel nie as 'n behoefte erken of aanvaar nie, het hy min met die werklikheid gemeen.

BRONNE

Esterhuyse, Jan : Taalapartheid en skoolafrikaans: Taurus 1986.

Steyn, J.C. : Tuiste in eie taal: Tafelberg 1980

Van Rensburg, F.I.J. (Red.): Aambeeld - Opinieblad van die Randse Afrikaanse Universiteit: Jaargang 14 nr. 3, September 1986